

**Mnr. Ian Learmonth en me. Katherine Harding, regstudente aan die Universiteit van Pretoria, en mnr. Lourens Grové van die UP se regskliniek wat die Statebond-skynhofwedstryd verlede week in Hongkong gewen het.**

# Tukkies se regsfakulteit wen weer in Hongkong

Alet Rademeyer

Die regsfakulteit van die Universiteit van Pretoria (UP) het verlede week weer met die louere in die Statebond-skynhofwedstryd in Hongkong weggestap.

Die span, bestaande uit me. Katherine Harding, 'n tweedejaarstudent, en mnre. Ian Learmonth, 'n derdejaar, en Lourens Grové, prokureur by die UP se regskliniek, was nie net algehele wenners nie; hulle het ook die hoogste punte in die voorbereidende rondes behaal en al die ander toekennings verower, naamlik beste mondelinge in die voorbereidende en eindrondes.

Deelnemers aan dié wedstryd word spesiaal daarvoor genooi. Vanjaar het 11 spanne uit 11 lande meegeding.

Die UP-span het eers met die Britse span afgereken en daarna met dié van Nieu-Seeland, Singapoer en Hongkong.

Vanjaar se wedstryd het oor probleemoplossing rondom korrupsie en Britse maatskappye- en prosesreg gehandel.

Harding en Learmonth het gesê dit was vir hulle 'n baie groot eer om voor soveel uitgelese regters deel te neem. Dit was ook vir hulle insiggewend om te hoor wat internasionale standpunte oor aktuele kwessies soos omkopery is.

Grové, afrigter van die span, het gesê hulle het baie hard gewerk.

*Prof. Christof Heyns, dekaan van die* regsfakulteit, het gesê hy is verheug oor hoe die studente gevaar het.

"Daar is nie baie geleenthede vir regstudente wêreldwyd om teen mekaar mee te ding en 'n grondige assessering van 'n bank internasionale regters oor hul vaardighede te kry nie. Dit is waarom 'n aantal skynhofwedstryde begin het om internasionale deelname te lok."

Die afgelope paar jaar het studente van die UP ook die wêreldstrafhofwedstryd in Den Haag, die ambassadeursronde van die privaat- en intellektuele eiendomsreg-wedstryd in Chicago en die nasionale skynhofwedstryd gewen.